

3. Galasiërs 2:1-10

VERWELKOMING:

5 MIN

YSBREKER:

20 MIN

- Wie is die mees geleerde mens wat jy ken? Hoe belangrik is geleerdheid vir jou?
- Wie ken jy wat nie vreeslik geleerd is nie en tog 'n rolmodel/leier is?
- Met wie het jy te doen wat die meeste anders as jy is? (Ras/taal/kultuur/gewoontes/lewenstyl)

AANBIDDING:

5 MIN

Sing die beryming van 1 Korintiërs 13 oor die liefde saam:

1. Praat ek mense-, eng'letale,
maar dis nie uit liefde nie,
is my woorde hol simbale:
klanke sonder melodie.
Al kan ek geheime uitlê,
berge deur geloof versit,
of al het ek al die kennis -
sonder liefde is ek niks.

2. Sonder liefde sal my gawes,
al my ywer, my nie baat:
Net die liefde, onbaatsugtig,
bly oorwin met goed die kwaad.
Onreg kan dit nie verdra nie,
dit is met die waarheid bly.
Deur vergifnis, hoop, verwagting,
kom die beste in ons vry.

3. Al die tale, profesieë,
met die tyd gaan dit verby.
Net die liefde, die volmaakte,
kom en sal vir altyd bly.
Want geloof gee troos en rigting;
na die toekoms reik die hoop -
liefde is en bly die grootste:
Liefde sluit die lewe oop.

BYBELSTUDIE:

40 MIN

Lees Galasiërs 2:1-10. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- In vers 2 sê Paulus dat God aan hom openbaar het om na Jerusalem te gaan. Hoe openbaar God aan jou wat jy behoort te doen? Kan jy van spesifieke geleenthede vertel?
- In vers 2 sien ons dat Paulus sy verstaan van die evangelie toets. Hoe toets jy jou vertaan van die evangelie?
- Waarom sou die besnydenis die vryheid in Christus bedreig (vers 3 en 4)? Wat is daar in ons lewe vandag wat ons vryheid in Christus bedreig?
- Wie was die leiers van die gemeente (vers 6)? Wat was hulle vroeër? Hoe vergelyk dit met Paulus se agtergrond (vgl. Galasiërs 1:14)? Is dit vir jou moeilik om gelei te word deur mense wat minder opgevoed of geleerd of bekend as jy is?
- In vers 7 sien ons dat Petrus geroep word vir die Jode (mense soos hy) en Paulus vir die heidene (mense anders as hy). Gegewe hulle agtergrond, moes dit nie andersom gewees het nie – Paulus, die super-Jood vir die Jode en Petrus, die ongeleerde visserman vir die heidene? Hoekom word hulle juis so geroep?
- Vir wie is jy geroep – mense soos jy of mense anders as jy? Hoe leef jy jou roeping uit?

DIENSWERK:

5 MIN

Hoe vorder julle dienswerk? Wat moet nou gebeur?

GEBEDSRIGLYN:

10 MIN

Vra 4 persone om julle voor te gaan in gebed. Bespreek dan met mekaar waarvoor julle wil bid:

1. Dankie sê
2. Skuldbely
3. Voorbidding
4. Vra (smeking)

ADMINISTRASIE:

5 MIN